

Donderdag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Hosea 6:1-6

**Fokusgedeelte: Hosea 6:1-3
(1933/53-vertaling)**

Wedergeboorte en boetvaardigheid: Kom laat ons terugkeer tot die Here

Hoe baie keer het ons as gelowiges nie al die oproep “Kom” gehoor nie? Daar is te veel Skrifgedeeltes om hier op te noem, maar ons dink aan: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak ...” (Jes. 1:18). “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is ...” (Matt. 11:28). En dan hoor ons vandag weer in die teks: “Kom ...”

Die “Kom” in ons teks word vir ons geskets as die volk wat mekaar oproep tot bekering. Natuurlik sien ons dit ook as die Here wat net weereens roep: “Kom ...” Hierdie oproep tot bekering volg op die Here se belofte wat ons hoor in Hosea 5:15. “In hulle nood sal hulle My soek.”

Dit is wat ware bekering is, om terug te draai na die Here toe. Hy is die Een wat kan slaan en dan weer verbind. Hy is die Een wat sy Seun stuur om te sterf, maar Hy kan en het ook die Seun opgewek. Dit is die Almagtige God wat ons dien. En die Here roep ons elke dag deur sy Woord op tot bekering. Die uitnodiging tot bekering vir die volk rus in die vertroue dat die Here se tug genesend sal werk.

Ons hoor so duidelik in 1 Johannes 1:9: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

Kom en beleef die vrug van bekering. Wees vandag eerlik met jou sonde en draai terug en sien die liefdevolle Vader. Sien hoe Hy in ’n kort tydjie (vs 2 se twee is figuurlik) nuwe lewe kan skenk, en mag ons hierdie nuwe lewe wat in Christus rus, raaksien.

Sing: Psalm 95-1:1

Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)